higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N4

30 MEI 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	Onwaar		
	1.1.2	Onwaar		
	1.1.3	Waar		
	1.1.4	Onwaar		
	1.1.5	Waar		
	1.1.6	Onwaar		
	1.1.7	Waar		
	1.1.8	Waar		
	1.1.9	Onwaar		
	1.1.10	Waar		
			(10 × 2)	(20)
1.2	1.2.1	K		
	1.2.2	A		
	1.2.3	G		
	1.2.4	C		
	1.2.5	E		
	1.2.6	F		
	1.2.7	B		
	1.2.8	H		
	1.2.9	J		
	1.2.10	D		
			(10 × 2)	(20)
1.3	1.3.1	C		
	1.3.2	A		
	1.3.3	D		
	1.3.4	B		
	1.3.5	C		
			(5 × 2)	(10)
				[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1

- Higiëne
- Veiligheid
- Gemak
- Gerief
- Buigsaamheid/veelsydigheid
- Koste
- Aantreklikheid
- Duursaamheid (Enige 6 × 1) (6)

2.1.2

- Bababed behoort stewig en veilig te wees.
- 'Afslaankante' behoort kinderveilig te wees.
- Horisontale tralies nie meer as 4–6 cm uitmekaar nie – kind se kop moenie vassit nie.
- Boonste tralie hoog genoeg – behoort nie per ongeluk oor te val nie.
- Nietoksiese verf
- Muskietnet in geïnfekteerde gebiede
- Matras moet goed pas en ferm wees.
- Hipoallergeniese matras vir allergieë
- Matras bedek met liggewig, waterdigte oortreksel
- Baba se klere moenie aan enigiets vashaak nie.
- Buffer vir bababed word nie aanbeveel as kinders verstrengel kan raak in linte wat buffer in posisie hou nie.
- Geen kussing nie (Enige 6 × 1) (6)

2.1.3

- Yskas
- Voorbereidingstoonbank
- Wasbak, handewasbak, dubbelwasbak, vlekvryestaal-opwasbak
- Steriliseringseenhede
- Ketel (5)

2.2
- Verkennende/ontdekkingspel✓
  Kinders leer deur voorwerpe om hulle te verken ten einde eienskappe van voorwerpe te ontdek en uit te vind hoe hulle werk.✓ Aanvanklik behels dit om te kyk, proe, aan te raak, en later om voorwerpe uitmekaar te haal, en verskillende onderdele te bestudeer.✓
  Byvoorbeeld, baba sit rammelaar in sy mond.
- Bemeestering en verkryging van vaardighede deur middel van spel/manipulasie✓
  Kinders oefen sekere vaardighede herhaaldelik totdat hulle bedrewe is.✓
  Byvoorbeeld, om fiets te ry
- Konstruksiespel
  Hulle gebruik speelgoed en aktiwiteite om gevoelens oor hul omgewing uit te druk.✓
  Dit skakel met verkennende en later met fantasiespel.✓
  Byvoorbeeld, om met blokkies te bou✓
- Verbeelding- of fantasiespel✓
  Kinders fantaseer dikwels oor die rol van 'n volwassene.✓ Hulle leer wat van volwassenes verwag word.
  Tydens fantasiespel kry hulle die geleentheid om kreatief te wees.✓ Hulle kan vrese te bowe kom, bv dokter-dokter, huis-huis.✓ (Enige 4 × 2) (8)

2.3 2.3.1 Manipulerende spel verwys na aktiwiteite waar kinders oefen hoe om speelgoed of voorwerpe op 'n spesifieke manier te gebruik, bv om stapelkoppies in mekaar te laat pas. Hulle verken deur middel van hande, mond, vingers en liggame, wat derhalwe hul spiere versterk.✓✓

OF

Om te manipuleer beteken om beheer te verkry. Kinders leer oor die eienskappe van voorwerpe en verkry beheer daaroor. Manipulerende vaardighede is nou verwant aan fynmotoriese vaardighede en koördinasie.✓✓ (2)

2.3.2
- Fisiek

Fynmotoriese vaardighede ontwikkel (spiere in die hand, gewrig, vingers, tone, oë, tong).
Ontwikkel koördinasie, hand-oog, vingers en die twee hande wat saamwerk om, byvoorbeeld, 'n pop op te tel. ✓✓

- Sosiaal

Kinders word meer onafhanklik, meer selfversekerd. Dit lei tot positiewe bande met ander. Hulle leer om te deel en om beurte te maak. ✓✓

- Emosioneel

Wanneer kinders beheer oor hul liggaam verkry, voel hulle dat hulle beheer oor hul omgewing het. Dit laat hulle veilig voel. Hulle druk hul emosies deur middel van spel uit. ✓✓

- Intellektueel

Babas wat steeds in die sensories-motoriese fase is, leer deur met die mond, hande en vingers te verken. Hoe meer geleenthede hulle kry, hoe meer leer hulle.
Hulle leer dat hulle dinge kan laat gebeur; dinge gebeur nie vanself nie.
Probleemoplossingsvaardighede word aangeleer, deur byvoorbeeld legkaarte te bou.✓✓
(Studente sal nie punte ontvang deur bloot fisieke, emosionele, sosiale en intellektuele ontwikkeling te noem nie.) (Enige 3 × 2) (6)

2.3.3
- Ouers behoort geduld met kind se pogings te hê.
- Hulle behoort die kinders toe te laat om kombuiskaste in- en uit te pak.
- Hulle behoort kinders aan te moedig om kleiner voorwerpe te verken.
- Babas behoort 'n geleentheid te kry om vaardighede herhaaldelik te oefen.
- Kinders behoort hulself aan te trek, selfs al duur dit lank – om self die trui se knope vas te maak, skoene aan te trek, sokkies uit te trek. (Enige 4 x 2) (8)

2.5 Vul in die doel van die volgende verslae in die babakamer.

VERSLAG	DOEL
Bywoningsregister	Om die kind se daaglikse skoolbywoning aan te teken✓ Gereelde afwesigheid kan nagespoor word. ✓ Weet onmiddellik as die kind nie by die skool is nie. ✓ Gee aanduiding van 'n kind se gesondheid. ✓
Daaglikse verslae of waarnemingsverslae	Om daagliks die waarneming van die kind aan te teken. Educarer/opvoeder kyk na en volg kinders se aktiwiteite. ✓ Voorsien feitelike getuienis van waarnemings. ✓ Dit word gebruik wanneer verslae saamgestel word. ✓
Maandelikse waarnemingsverslag	Opsomming van daaglikse waarnemings Dit help om maandelikse verslag te skryf/maak basis van vorderingsverslag uit. ✓
Vorderingsverslag vir babas	Opsomming van daaglikse waarnemings Dit maak ouers en educarers bewus van die vordering or gebrek aan vordering van elke kind. ✓ Dit beklemtoon sterk punte en swakhede. Planne kan uitgevoer word om vordering te verseker. ✓

(4)

2.5
- Stokpoppe
- Papiersakpoppe
- Vilthandpoppe of veltvingerpoppe
- Papiervingerpoppe
- Keëlpoppe
- Sokkiepoppe
- Handskoenpoppe
- Handpoppe met papier-machékoppe
- Marionette (Enige 5 × 1) (5)

[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Dit is ’n oopmediaspel wat kinders in staat stel om te leer hoe verskillende dinge voel en hul kreatiewe idees kan uitdruk.
Min reëls, dus kan kinders nie werklik foute begaan nie.
Aktiwiteite vir morsige spel is: verfwerk, gekrabbel, uitskeur en plak, speel met klei, modder, water en sand.
Kinders vryf hul hande, druk hulle plat, kry spatsels daarop en skep met hul hande. (2)

3.1.2
- Verskaf ’n verskeidenheid aktiwiteite.
- Beplan minstens een aktiwiteit per dag waaraan alle babas kan deelneem.
- Nie alle babas hou van morsige spel nie. Moenie hulle dwing om deel te neem nie.
- Stel hulle geleidelik aan nuwe aktiwiteite en teksture bekend.
- Neem waar hoe babas op sekere media reageer.
- Neem fynmotoriese ontwikkeling en ouderdom in ag by beplanning.
- Noem elke ding op sy korrekte naam, aangesien reseptiewe taal voor ekspressiewe taal ontwikkel.
- Kontrolelyste moet ouderdomsgeskik wees om fynmotoriese ontwikkeling en vaardighede aan te dui.
- Babas kan beskermende klere dra.
- Gebruik ’n klam lap om hande skoon te maak.
- Spesifieke bêreplek vir morsige spel. Volg ’n roetine om vir die aktiwiteit voor te berei. (Enige 6 × 1) (6)

3.1.3
- Byvoorbeeld, Grace is gemaklik om in die morsigespel-jellie te sit. Sy geniet dit om die jellie tussen haar vingers te druk.
- Byvoorbeeld, Peter is nog nie gemaklik om sy hande in mengsels met verskillende teksture, byvoorbeeld jellie, te druk nie. Hy geniet dit egter om dit met ’n lepel te skep. (2)

3.2
- Gebruik ’n profielvorm (templaat) om jou skriftelike beplanning te voltooi.
- Gebruik ’n swart of blou pen en skryf duidelik en netjies.
- Beplanning kan getik en op ’n rekenaar gestoor word.
- Vul al die nodige inligting in.
- Gebruik sleutelwoorde.
- Beplanning moet vir toekomstige verwysing gedoen word.
- Beplanning moet toeganklik wees.
- Beplanning moet 2 weke vooruit gedoen word.
- Twee soorte beplanning – daagliks en weekliks.
- Beplanning behoort gebruikervriendelik te wees.
- Skryf netjies en duidelik. (Enige 4 × 1) (4)

Kopiereg voorbehou

3.3
- Leer oor die kind se swakhede en sterk punte.
- Die kind word ’n individu, en nie bloot deel van die groep nie.
- Laat aktiwiteite by individuele behoeftes pas.
- Vroeë ingrypings waar probleme geïdentifiseer word.
- Bepaal of die kind volgens mylpale ontwikkel.
- Waarneming kan ’n spesialis help, bv ’n arbeidsterapeut.
- Die educarer/opvoeder kan ’n nuwe educarer inlig oor ’n kind se ontwikkeling (ouer klas).
- Waarnemings kan gebruik word om aan die einde van die kwartaal ’n verslag te skryf.
- Waarneming terwyl kinders ontspanne is, bied ’n ware weerspieëling van ontwikkeling.
- Waarneming stel educarer/opvoeder in staat om bewus te wees van sensitiewe tydperke en om daarvoor te beplan.
- Dit maak assessering meer objektief, omdat dit op feitelike inligting gebaseer is. (Enige 6 × 2) (12)

3.4 Beplan ’n ontdekkingspel-aktiwiteit vir babas tot 12 maande oud.

Algemene inligting:
- Tipe les – ontdekkingspel✓
- Tema – Enige of geen✓
- Ouderdom van kinders – geboorte tot 12 maande oud✓
- Datum van aktiwiteit – Enige✓
- Aantal kinders – nie meer as 2 nie✓
- Tydsduur – 5 minute✓

INLEIDING – DOELWIT	**AKTIWITEIT**	**APPARAAT**
Byvoorbeeld Berei voor vir die les. Doelwit moet met die aktiwiteit verband hou.✓✓	Byvoorbeeld Neem baba na die mat. Enige ander ouderdomsgeskikte aktiwiteit✓✓	Byvoorbeeld mat Apparaat moet by die aktiwiteit pas.✓✓
HOOFAKTIWITEIT/KERN DOELWIT	**AKTIWITEIT**	**APPARAAT**
Byvoorbeeld • Taktiele ervaring • Ontwikkel objekpermanensie Doelwit moet met die aktiwiteit verband hou.✓✓	Byvoorbeeld • Gee vir die baba ’n sensoriese mandjie en laat hom self ontdek. Praat met die baba oor die ontdekkings. Hou op wanneer die baba verveeld raak. • Speel wegkruipertjie. • Alle tipes morsige spel Enige ander ouderdomsgeskikte aktiwiteit✓✓	Byvoorbeeld • Deurskynende plastiekbottels gevul met verskillende items Rottangmandjie met verskillende sensoriese speelgoed • Gunstelingspeelding en -kombers Apparaat moet by die aktiwiteit pas.✓✓

GEVOLGTREKKING – DOELWIT	AKTIWITEIT	APPARAAT
Doelwit moet met die aktiwiteit verband hou✓✓	Byvoorbeeld • Plaas baba op skoot en blaai deur taktiele boek. Enige ander ouderdomsgeskikte aktiwiteit✓✓	Byvoorbeeld • Taktiele boek Apparaat moet by die aktiwiteit pas✓✓

(24)
[50]

VRAAG 4

4.1
- Korrekte vloerbedekking – matte absorbeer klank en gee warmte aan ’n vertrek.
- Teëls het goeie akoestiese eienskappe.
- Gordyne kan help om klank te absorbeer.
- Plaas rubberstopper op stoelpote.
- Plastiekoortreksels op tafels. (5)

4.2 4.2.1
- Geraasmakers, enigiets wat kan skud, is ideaal.
- Tromme is geskik; enigiets wat geslaan kan word.
- Byvoorbeeld Skudders, klokkies, simbale
- Babas het nie goeie fynmotoriese vaardighede nie; dus is driehoekies en ander instrumente nie geskik vir babas nie.
- Alle instrumente behoort veilig te wees.
- Baie geskikte plastiekinstrumente is beskikbaar.
- Tuisgemaakte instrumente is ook goed.
- Instrumente behoort groot genoeg te wees om op te tel, maar nie te swaar om te beweeg nie. (Enige 6 × 1) (6)

4.2.2
- Binnenshuis of buitenshuis
- Ruimte groot genoeg om vryelik te kan beweeg.
- Gerigte aktiwiteite moenie plaasvind wanneer die kind moeg is nie.
- Musiekaktiwiteite kan DAAGLIKS, deur die loop van die dag aangebied word.
- Sluit ’n verskeidenheid aktiwiteite in, byvoorbeeld sang, beweging, instrumente, aksieliedjies, musiekbeluistering.
- Vryspelarea met tuisgemaakte instrumente.
- Klassieke instrumente in boks wat tydens gefokusde aktiwiteite uitgehaal kan word.
- Musiekaktiwiteit behoort uit verskillende elemente te bestaan – hard/sag, ritme
- Agtergrondmusiek behoort nie die hele dag gespeel te word nie.

(Enige 6 × 1) (6)

Kopiereg voorbehou

4.3
- Identifiseer doelwitte en uitkomste.
- Voorsien genoeg geleenthede om nuwe en ou vaardighede te oefen.
- Vaardighede behoort gesteier te word (maklik tot moeilik).
- Besluit waar die aktiwiteit sal plaasvind.
- Tafel, esel, buite op muur.
- Beplan ’n verskeidenheid aktiwiteite.
- Daar behoort genoeg aktiwiteite te wees om alle kinders te betrek.
- Nie alle kinders werk teen dieselfde spoed nie. Hou dit in gedagte.
- Hou verskillende ontwikkelingsvlakke in gedagte.
- Belangstellings en verwysingsraamwerke kan ook verskil.
- Wissel aktiwiteite en media van dag tot dag af.
- Maak ’n lys van hulpbronne wat benodig word.
- Versamel alle hulpbronne.
- Media behoort nietoksies te wees.
- Stel die aktiwiteite vroegtydig op.
- Maak seker julle is bekend met nuwe tegnieke.
- Atmosfeer behoort veilig, ontspanne en aangenaam te wees.
- Educarer behoort entoesiasties te wees, maar gee slegs leiding en help met gereedskap.
- Hou voorskote gereed.
- ’n Droograk is noodsaaklik.
- Bak water vir handewas.
- Skryf name op werk. (Enige 7 × 2) (14)

4.4
- Verf met vingers
- Tandeborsel in verf gedoop – gebruik soos ’n kwas
- Tandeborsel en sjabloon, spat die verf
- Verf met water op teer, sement en klip.
- Gebruik vere as verfkwaste.
- Doop tou in verf en trek dit oor papier.
- Gebruik spons en wasgoedpennetjies, gebruik as verfkwas.
- Verf met strooitjies.
- Verf op blare (Enige 3 × 2) (6)

4.5
- Help ontwikkel fynmotoriese vaardighede.
- Hoër kognitiewe prosesse word gebruik wanneer kinders na ’n spesifieke item soek, of konsentreer om op die lyn te knip.
- Verbeter hand-oog-koördinasie
- Dit bevorder die ontwikkeling van fynmotoriese beheer.
- Dit help kinders om materiaal te sorteer, te beplan en te rangskik.
- Dit stel kinders aan snytegnieke bekend.
- Dit stel kinders aan plaktegnieke bekend.
- ’n Bewustheid van ruimte en lyn ontwikkel.
- Vorms raak meer sinvol namate hulle rondom uitknip.
- Hulle word meer onafhanklik deur dinge self te doen.
- Namate hulle die vaardigheid bemeester, verkry hulle ’n sin vir prestasie.
- Hulle raak ontslae van energie – terapeutiese aktiwiteit. (6)

Kopiereg voorbehou

4.6
- Hout – sagte afvalstukkies
- Hamer
- Katoenrolle
- Deksels van blikkies
- Stukkies leer
- Botteldoppies
- Stukkies mat
- Stokkielekkers se stokkies
- Tou
- Polistireen
- Rubber
- Sandpapier
- Gom
- Klampe
- Knyptang
- Skroewedraaiers
- Skroewe en boute
- Sae
- Skermbril en veiligheidsbril
- Maatband
- Werksbank

(Enige 7 × 1) (7)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200